

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

**E**k kyk vandag na die finansiële beplanning rakende aftrede. Ek kry gereeld navrae oor beplanning by aftrede en dit is vir my duidelik dat min mense regtig beseft wat ter sake is.

Daar is twee tipes beplanning met aftrede as oogmerk. Beplanning vir aftrede, 'n gebeurtenis in die toekoms. En beplanning by aftrede, dis nou hier, of binnekort hier. Ek staan stil by laasgenoemde, ons kan anderdag weer gesels oor die langtermynbeplanning vir aftrede.

En laat ek, voor ons verder gaan, my hart lug. Vir die meeste mense het ek goeie nuus en slegte nuus. Die goeie nuus is dat jy ná aftrede dalk nog baie lank gaan leef. Die slegte nuus is dat jy dalk nie genoeg geld gaan hê om jou vir die res van jou lewe te onderhou nie. Dis 'n feit. So, kom ons kyk.

### Die verdeling van 'n hoop geld

Die grootste enkele probleem is dat die meeste mense, wanneer hulle by die punt van aftrede kom, skielik toegang kry tot die grootste klomp geld wat hulle in hul lewe ooit bymekaar gesien het.

Baie mense raak oorweldig deur die groot bedrae en dink hulle is nou ryk.

Pasop vir geld. Geld smokkel met 'n mens se kop.

Ek wil twee belangrike punte maak. Die geld wat jy het by aftrede, is al wat jy gaan hê. 'n Vriend, en glo my hy is gesênd met 'n benydenswaardige aftreeneisei, sê nou die dag vir hom was die ergste van aftrede die einde van die eerste maand toe hy beseft daar is nie 'n salaris wat inkom nie. Hy moet homself voortaan finansier.

Die tweede punt is dat jy nog lank kan lewe, sonder 'n inkomste, anders as uit dit wat jy bymekaar gemaak het toe jy nog 'n inkomste gehad het.

Ek sien hoe baie mense wat lid is van 'n vaste hydraefonds (waar jy by aftrede een derde in kontant kan onttrek en met die res vir jou 'n pensioen moet aankoop) dan die volle derde neem. Om niks anders mee te doen nie as om 'n nuwe



Gits,  
my data is  
alweer klaar!

Ek het  
jou gesê...

# Aftreeplan: Dit is alles belangrik

Jou aftreegeld is al wat jy gaan hê en jy kan nog lank ná aftrede lewe

Die versoeking is groot om die hoop geld tot jou beskikking met aftrede aan luukshede te bestee. Dink mooi voordat jy dit op iets soos 'n nuwe motor, seiljag of oorsese reise uitgee. | FOTO: ISTOCK

motor te koop, oorsese te gaan kuier, vir 'n kind te leen om eie saak te begin (wat baie keer gou op 'n misoes uitloop), of sommer net daarmee buite hul vermoë te leef.

Gesels met 'n finansiële beplanner en laat hy of sy eers vir jou die berekeninge doen. Hoeveel van daardie derde wat jy onttrek, staan jy af aan Jan Taks? Dis die eerste vraag.

Op alles bo R700 000 en onder R1 050 000 gaan jy 27% belasting moet betaal. En op alles bo die R1 050 000 'n verdere 36% belasting. Maak dit finansiële sin? Net om dit wat oor is te gaan uitgee op 'n motor, 'n oorsese reis of wat ook al?

Dit maak vir my meer sin om net genoeg te neem tot by die maksimum waar jy teen 18% belas word. Dit is ook die minimum belastingkoers op inkomstebelasting, so wat jy ook al aan 'n pensioen gaan onttrek, gaan teen dieselfde of 'n hoër koers belas word, so jy kan nie verloor nie.

Dit beteken jy kan R700 000 kontant onttrek en dan net 18% belasting betaal op R200 000, dus R36 000 (die eerste

R500 000 word teen 'n nul-koers belas).

Maar maak eers die somme soos dit jou en jou eie behoeftes raak.

### Daal geld moet lank hou

Verder is dit seker logies dat hoe meer jy aan kontant onttrek by aftrede (van die derde wat jy mag), hoe minder het jy oor om 'n pensioen mee aan te koop. Dink weer oor die lang lewe.

Om die punt af te rond, as jy 'n lewendige annuïteit koop, is die sinvolle onttrekkingskoers (pensioen) so rondom 5% per jaar. Meer as dit loop jy die gevaar dat jy in jou kapitaal gaan begin delf, want opbrengste is nie so windmakerig oor tyd soos wat sommiges aan jou sal probeer voorhou nie.

Wees verstandig, moenie probeer ryk lyk nie.

Baie keer is 'n gewaarborgde lewendige annuïteit meer sinvol as om 'n lewendige annuïteit te koop. Die eerste een is gewaarborg oor jou lewe, die ander nie.

En die pensioen uit 'n lewendige annuïteit klop baie keer die onttrekking uit 'n lewendige annuïteit, waar jy wil seker wees jou kapitaal gaan behoue bly.

Verdere faktore om in ag te neem met beplanning by aftrede, is onder meer of jy getroud is of 'n lewensmaat het teenoor wie jy 'n geldelike verantwoordelikheid het. Dit gaan nie net oor jouself nie.

Ek doen byvoorbeeld nie aftrede-berekeninge oor die lewe van die man nie. Ek doen dit oor die lewe van die vrou as die geld vir albei moet hou. Vroue leef langer. Die geld moet dus langer hou ook.

Dekking teen gevreesde sieke is 'n ander aftree-faktor om in ag te neem. As jy dit nie het nie, en by aftreederdorm is dit nogal duur, is dit veral belangrik om die kontantgedeelte wat jy neem by aftrede op belegging te hou.

Mense raak siek in hul oudag en dit kan baie geld kos. Dink eers hieraan voor jy dink aan oorsese reise en nuwe motors.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Stuur navrae aan hom deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.